M.G.E.V
Mosselbaai Grond Eienaars Vereeniging
Mosselbay Land Owners Assosiation

**Kompanje Laan 17**
**Hartenbos**
**6520**
**Selfoon: 083 305 9943**

Herbie Oosthuizen & Assosiate

**28 Maart 2024**

Montagustraat 71

Mosselbaai, 6520

Per e-pos: herbie@holaw.co.za

**IS: MGEV // MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT – KORRESPONDENSIE EN ANDER AANGELEENTHEDE**

Geagte Meneer

MGEV Skrywe van 21 Maart 2024 verwys opvolg skrywe.

U vorige skrywes is aan die Nasionale Belasting-betalers Unie (NBU) regspan verwys vir kommentaar op navraag na die reaksie op u skrywes verneem die MGEV dat die NBU binnekort op al die al die regsvrae gestel sal reageer.

MGEV verwys na die MM "Joint Operation Centre" (JOC) vergadering van 2024-03-24 opvolg vrae van 9 tot 11 kom uit die vergadering bygewoon (Uitnodigings 21.2 en 21.3 Dokument na die JOC vergadering Aangeheg).

9) Op 'n vraag aan die voorsitter Mnr L. Van Dyk is bevestig dat die JOC nie by https://www.psira.co.za/ geregistreer is nie. **Vraag 1** - Watter wetgewing magtig die MM om soos 'n privaat sekuriteit onderneming te funksioneer? **Vraag 2** – Watter wetgewing stel MM vry om nie by Psira geregistreer te wees nie.
10) Watter regsbevoegdheid het die hond eenheid van die MM JOC om huise te deursoek motor voertuie te deursoek met ander word misdaad ondersoeke te doen, aangesien daardie bevoegdheid onder die sentrale owerheid sorteer soos die MGEV huidige wetgewing in die verband verstaan.
11) In die vorige skrywe is vir die Finansiële state van die JOC versoek sedert die aankoop van die geboue tot 2023/24. Die MGEV versoek ook die begroting van die JOC vir die 2024-25 finansiële jaar asseblief.

Die Nasionale Belasting-Betalers unie se regspan het wet 19 van 2009 (21.4 wet aangeheg) bestudeer en inderdaad die wet kan 'n impak hê op die promulgasie dispuut eis ten gunste van Mosselbaai Grond eienaars.

Wat saak maak is die MM waarderings rolle vanaf 2005 tot tans as ook die periodes tussen die Waarderings rolle ons het reeds in 2022 die inligting in vergadering met die raad en ook in verskeie e-posse aan die Burgermeester Mnr Dirk Koste versoek maar het nog geen reaksie tot op datum gehad nie. (Skrywes 21.5 en 21.6 aangeheg)

Ons kon uiteindelik die MM finansiële state van 2005/06 opspoor op bladsy 26 Nota 18 van die state word duidelik uiteengesit hoe die waarderings Rolle van MM hanteer word. (Dokument 21.7 - 2005/06 Finansiële state aangeheg)

Graag ontvang MGEV bevestiging dat Skedule (21.8 aangeheg) wel die korrekte inligting van die Waardasie Rol siklusse van MM soos uiteengesit in Nota 18 in die Finansiële state van 2005/06 weerspieël.

Indien MGEV teen Vrydag 12 April 2024 niks van u hoor nie aanvaar MGEV die Waardasie Rol Uiteensetting is korrek.

Die MGEV se dispuut verklarings aksie sal dus op Maandag 15 April 2024 amptelik in werking gestel word. Skrywe in die verband volg.

**Vriendelike Groete**

**Johan Gräbe – Voorsitter MGEV**